




COMBINED STABLEFORD
24 Maart 2018
by Heilbron Gholfklub
Tyd: 10:00 vir 10:30

R250 middag- en aandete ingesluit

Rolbalkklub Nuus

Heilbron Rolbalkklub het Woensdag 'n sosiale saamkuieroggend aangebied. Die doel was om beginners blootstelling te gee aan kompetisies. Daarna is heerlik saamgekuier. 'n Gekombineerde span tussen Koppies, Coenie en Katie Marx en Koos en Magda Bierman van Heilbron, het op Kroonstad gaan deelneem aan die Fondsinsamelingsdag vir Noord-Vrystaat. Hierdie kompetisie is in dieselfde formaat ook aangebied in Riemland en Goudveld. Saterdag vind die Noord-Vrystaatpare kompetisie plaas op Kroonstad. Die Valsrivierpare wenners speel dan teen die wenners van Riemland en Goudveld. Daar word vir Magda Bierman en Amelia Galatis sterkte toe gewens. Die Heilbron Rolbalkklub het ook twee manne gehad wat baie siek was, Gerald Rademeyer met 'n hartomlyning en Flip Kotze met 'n maagoperasie. Dit gaan met albei baie beter en die klub wens hul sterkte toe en wag vir hul op die rolbalbaan.



Bou hulle eie Jukskeibaan

Die aftreeoord ENGO Huis Emily Hobhouse het die inisiatief geneem om hulle eie Jukskeibaan te bou. Boumateriaal is geskenk deur Louis Engelbrecht Makelaars en skeie deur Koppies Ondersteunings groep. Op die foto vlnr: Mnr C Bosch (Voorsitter van die Inwoners komitee), Mev A Zitzke (Bestuurder van die sentrum), Mev H Smalberger (Ondersteuner), Mnr Smittie Smith (Voorsitter van sentrum), Mnr L Engelbrecht (Donateur). Opening het plaasgevind Dinsdag 13 Maart 2018.

Ruiterklub Nuus

Verlede Saterdag het sowat 21 ruiters van die Heilbron Ruiterklub die skielike winterweer aangedurf en die jaarlikse Dorpsrit van 20 kilometer gery. Almal was gepanser met windbrekers en selfs 'n reënjas of twee. Maar kort voor lank was almal op 'n galop en die ruiters se harte het warm geklop! Na die rit is daar gesellig saamgekuier om 'n braaivleisvuur. Die organiseerders van die dag wil graag net die volgende persone en instan-

sies bedank vir hul bydrae om van die dag 'n sukses te kon maak: Adriaan Rall en Arnold Engelbrecht vir die beskikbaarstelling van hul grond waaroor die roete gestrek het. Pakwerks vir verversings langs die roete en Telwiedre Voere wat hoedjies vir die dag geborg het. EJ Stainless Steel vir die beskikbaarstelling van hul geriewe. Die volgende rit gaan einde Aprilmaand wees by Faans en Dia Pretorius. Volg hulle gerus op Facebook vir verdere inligting.



Voltooi 40ste Argus wedren

Op Woensdag 28 Februarie 2018 het Heilbron se fietsryers hulle gewilde Vinnige-piekniek-voorwerk gehou. Hierdie jaar was baie spesiaal. Hulle het besluit om dit by Leon Visser se huis te hou. (Hy moes aansterk na 'n rugoperasie.) Hy het nooit hierdie piekniek so kort voor die Argus gemis nie. Die Argustrappers het besluit hulle gaan hierdie jaar opdra aan hom. Hulle het daardie selfde oggend elkeen 'n blou lintjie gekry om aan hulle fietse vas te bind en aan hom te dink - dit sou sy 22ste Argus gewees het. Minwetend dat hulle hom daardie Woensdag in Februarie gegroet het. Dit was vir ons almal 'n groot skok maar ons gun hom die rus. 'n Inskrywing op facebook van sy dogter Anzelle lui: "What a memory, what a LEGEND...! Ek weet DAD het klaar 'n Argus span bymekaar gemaak vir Sondag!"

3 Maart 2018 - twee fietsryers van Heilbron neem deel aan die Cape Town Cycle Tour MTB in Stellenbosch. Dit het gestrek oor 'n afstand van 40km. Dit was 'n bloedige warm dag en organiseerders moes noodgedwonge die wedren by 'n paar waterpunte afsny.

TYE:

Colett Els 4:28, Albert Els 4:28

Op 11 Maart 2018 het duisende fietsryers aan die jaarlikse gewilde wedren gaan deelneem genaamd die Cape Town Cycle Tour wat oor 'n afstand van 109km gestrek

het. Dit was vanjaar ook die 40ste Argus. Met laas jaar se groot teleurstelling toe die wedren gekanselleer is as gevolg van sterk winde en onluste op die roete voel dit skoon asof hulle hierdie jaar beloon is met die perfekte weersomstandighede. Dr Lood Spies het vanjaar sy 21ste Argus voltooi wat met 'n pragtige medalje beloon is. Leon Visser was die eerste Heilbronner wat sy 21ste Argus voltooi het in 2016.

TYE VAN HEILBRON EN KOPPIES SE FIETSRYERS:

Neels Claasen (1ste Argus) - 3:28
Ernst Zitzke (17 de Argus) - 3:46
Arno Els (2de Argus) - 3:57
Abel Pretorius (8ste Argus) - 4:10
Lood Spies (21ste Argus) - 4:35
Magda Spies (12de Argus) - 4:35
Altus Muller (9de) - 4:37
Joanita Steenkamp (1ste Argus) - 4:44
Colett Els (13de Argus) - 5:01
Jozann Germishuys (6de Argus) - 5:23
Elsa Jonker (1ste Argus) - 6:19
Ilse Van Zyl (2de) - 6:42

Colett Els is sover ons kennis strek die eerste Heilbronner wat in dieselfde jaar aan die Cape Town Cycle Tour se bergfietswedren sowel as die padwedren deelgeneem het en albei voltooi het.



Op die foto agter vl: Johan de Lange, Tobie Holland, Arno Els, Morné Victor en Abel Pretorius. Middell: Roco Steenberg, Nigel Ecans, Neels Claasen, Colett Els en Jaco Steyn. Voor vl: Joanita Steenkamp, Ernst Zitzke en Ryno Steyn.



Op die bo: Lood Spies met sy medalje vir sy 21ste Argus wat hy voltooi het. Op die foto regs agter vl: Lood en Magda Spies, Wyle Leon Visser, Abel Pretorius. Middell: Jos Deyzel, Neels Claasen, Colett Els, Liza Boshoff, Ernst Zitzke. Voor vl: Alwico Lesch en Annari Combrink.



BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 27 MAART 2018

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Hannes Prinsloo 083 274 1935

FRANKFORT : REVACK SAVM (Gerrie Muller)
13de PRODUKSIEVEILING
189 Top SAVM skape
11:00, Revack, Frankfort
Kontak Riaan Oosthuizen 083 309 2341

WOENSDAG - 28 MAART 2018

RANDFONTEIN Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

MEMEL Maandelikse veiling.
Kontak Gideon Bekker 084 512 7628

DONDERDAG - 29 MAART 2018

FRANKFORT Weeklikse veiling.
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling.
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

BLOEKOMSPRUIT Twee-maandelikse veiling.
Kontak Riaan Oosthuizen 083 309 2341

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwwid.co.za

